# KINDERKERK LES: Halloween

**Doel van les:**

- Vanaand gesels oor Halloween. Ons wil graag die kinders inlig oor die gevare van saam deelneem aan Halloween gebruike en hulle leer om hulle liggies te laat skyn tydens hierdie donker fees.

**Ysbreker: Nie so lekker happie:** Kry koeldrank, glasies, bordjies en cupcakes of koek – genoeg vir elke kind in die klas. Voor die tyd "dokter" jy die koeldrank sodat dit glad nie so lekker proe nie. Moenie iets ingooi wat die voorkoms van die koeldrank of reuk van die koeldrank te kwaai sal verander sodat die kinders dadelik iets vermoed nie. Jy kan die koek of cupcakes bv. bak met te veel sout in ens. Dit moet goed lyk, maar sleg proe.

Gee vir elkeen hulle koeldrank en koek en laat hulle begin eet en drink. Wag vir reaksies. (Hou dan ook 'n lekkerny byderhand vir na die les.)

Vanaand gaan ons gesels oor iets wat die duiwel vir ons laat lekker lyk, maar eintlik glad nie goed vir ons is nie. Dit gebeur 31 Oktober en ons noem dit Halloween.

Wie weet wat Halloween is of wie kan my ietsie van Halloween vertel?

Kry bietjie terugvoering van die kinders.

(Reël voor die tyd met een van die leiers om die ligte in die vertrek af te sit wanneer jy die teken gee. Jy kan 'n lampie aanhou of 'n kers op 'n tafel sit sodat die vertrek nie pikdonker is en die kinders baie bang raak nie.)

**Sê:** Met Halloween trek mense aan soos hekse, monsters, spoke en ander kostuums en gaan so "opgedress" na partytjies toe of gaan klop so "opgedress" aan huise se deure om te gaan vra vir lekkers. Dit lyk lekker soos ons koek en koeldrank van vroeër, maar is eintlik nie wat ons dink dit is nie. Halloween is 'n fees waar als wat met donkerte te doen het, gevier word. Dit vier die duiwel, dood en alles waarteen Jesus ons waarsku. Dis 'n baie donker ding om aan te dink.

Gee die teken vir die leier om die ligte af te skakel.

**Vra:** Wie van julle is bang vir die donker? Waarvoor is julle bang in die donker?

Die donker laat ons dink aan scary dinge né?

Dis hoekom Jesus van Homself praat as die Lig vir die wêreld. Hy het aarde toe gekom (wys vir die leier om weer die ligte aan te skakel) om ons na Sy lig te lei sodat ons nie nodig het om in die donker te leef of bang te wees vir die donker nie.

Wat ons aan moet dink hierdie Halloween:

Halloween vier die duiwel en die dinge van die donker (Laat die leier weer die ligte afskakel)

Eerder as om bang te wees en ander te wil bang maak (Haal 'n flits uit en skakel dit aan), moet ons Jesus se lig in die donker laat skyn.

Hoe dink julle kan ons dit doen?

Ek het tien maniere hoe ons hierdie Halloween ons liggies vir Jesus kan laat skyn. Ons gaan dit saam doen en dan kyk ons of ons weer die lig in die klas kan aankry.

1. Ons moet mense nie bangmaak nie (maak jou lyf in 'n bondeltjie asof jy bang is), ons moet mense liefhê (maak 'n hartjie met jou hande.)
2. Ons moet mense nir laat bewe nie (maak asof jy bewe) ons moet hulle laat glimlag (glimlag vir mekaar.)
3. Ons wil nie aantrek soos monsters wat mense siek laat voel nie (skud jou kop nee), ons wil bid dat Jesus siek mense gesond maak, (wys thumbs up.)
4. Ons wil nie dink aan die donker nie (hou jou hande voor jou oë), maar aan Jesus se lig (neem hande weg voor jou oë.)
5. Die enigste bloed wat ons aan dink, is Jesus se bloed wat ons hartjies skoon was. (maak asof jy iets was.)
6. Ons is nie alleen nie, want die Heilige Gees is by ons. (vou albei jou hande oor jou hart.)
7. Die enigste geskree wat ons moet doen, is dat Jesus leef. (vou albei jou hande om jou mond asof jy vir iemand wat ver is iets skree.)
8. Ons gaan nie maak asof ons vlermuise is nie, maar duiwe van vrede. (steek jou arms uit asof dit vlerke is.)
9. Ons trek nie aan soos duiwels nie, want ons is kinders van die lig. (hou jou hande op na die hemel.)
10. Met Halloween, wil ons nie die donker vier nie, maar ons wil die lig wees in die donkerte. (laat die leier weer die ligte aanskakel.)

Onthou dat ons hierdie dinge nie net op Halloween moet weet en doen nie, maar elke dag.

Jy kan die tien punte herhaal met die ligte aan. Nommer tien se beweging is om jou hande toe te vou en dan jou vingers oop te skiet dat dit lyk soos 'n sterretjie wat skitter.

**Aktiwiteit: Inkleurprentjie en soos hulle inkleur kan hulle lekkerny eet.**

Sluit af met gebed.



**Let**
**God's**
**Light**
**Shine**
**Through**
**You!**



**Let**
**God's**
**Light**
**Shine**
**Through**
**You!**